

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Psalm 62: 8-9.

"God is my redding en my krag, Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug. Vertrou op Hom altyd my volk, Stort jul harte voor Hom uit. God is vir ons 'n toevlug."

'n Nuwe Pad

Die KuberKamma word nou direk vanuit die kerkkantoor gedoen. Ons vra asseblief geduld met die groeipyne wat daarmee gepaard gaan.

Kortpad Deurdankoffer gaan vir VCSV Framesby

21 Julie	08h30	Eietydse diens in die saal
21 Julie	09h45	Kategese
21 Julie	10h00	Klassieke diens in die kerkgebou
22 Julie	18h00	Getuienisbediening
23 Julie	19h00	Leef@Kerk
24 Julie	18h00	Jeugleiersvergadering
26 Julie	05h00	Mannebyeenkoms by Lilylaan 68

Nog belangrike datums

MTR SMIT

Omdat MTR Smit nog geen subsidies ontvang het nie, is hulle gedwing om drastiese stappe te neem. Die personeel het net die helfte van hulle salarisse gekry en uitgawes is tot op die been gesny. Kom ons help hulle met nie-bederfbare kos soos pasta, rys, roommielies, tuna, geblikte tamatie, uie ens. Finansiële bydraes kan by kerkkantoor of elektronies gemaak word. Dui asb. net duidelik aan dat dit vir MTR Smit is. Ons gemeente se kontakpersoon is Linda Rossouw by sel: 082 402 4396.

KONINKRYKSTYD

As kerk is ons tans in Koninkrykstyding. In Koninkrykstyding word ons daaraan herinner dat ons wortels diep in God geanker is. God maak ons optrede deel van die koms van die koninkryk. Met Koninkrykstyding dink ons oor die sigbaarheid van die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) in elke faset van die lewe. Ons word herinner aan ons roeping om die gawes wat ons tydens die feeste (Paasfees en Pinkster) gevier het, in die alledaagse lewe uit te leef. Deur ons optrede moet die koms van God se koninkryk sigbaar gemaak word deur ons betrokkenheid by die liggaamlike, geestelike en emosionele nood in die wêreld. Koninkrykstyding herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons leef. Dit gaan oor hoe ons – deur wat ons doen – deelneem aan die koms van God se koninkryk. Ons maak God se liefde en ontferming op verskillende maniere teenoor verskillende mense sigbaar. God self sorg vir die uiteindelijke en finale koms daarvan met die koms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

Kommunikamma 21 Julie 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

'n Mens hoor dikwels hoe iemand sê, "as ek net eendag ryk is" of "as ek eendag 'n belangrike posisie beklee," dan gaan ek dit of dat doen om van die wêreld 'n beter plek te maak. Want 'n mens het posisie en mag nodig as jy ware verandering wil sien. Reg? Nie volgens Jesus nie.

[Dra jy 'n kruis of 'n kroon](#)

Kraggakamma Webbediening is vanjaar 11 jaar oud

Kom raak betrokke by die Webbediening -

kontak die kerkkantoor vir meer inligting of stuur 'n

EPos aan kuberkamma@ngkraggakamma.co.za vir meer besonderhede.

Sake vir gebed

Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Mauritania

- Bid saam die Christene in Mauritania vir hulle beskerming soos hulle geleentheid kry om hul geloof te deel. [Foto](#)
- 6 Dames van ons gemeente, besoek in September Egipte, om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister. Ons benodig tans die volgende items:
 - Bedsokkies, "pocket tissues, lapsakkies en sagte lekkers vir kinders. Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges teen R150 per Bybel.

Padkos

Kyk agter die skerms - daar's Jesus in aksie

"Talita koem" - dit is die bekende Aramese woorde van Jesus wanneer Hy 'n dogtertjie uit die dood opwek. Markus 5:41 vertaal hierdie uitdrukking in Grieks as volg: "Jong dame, Ek sê vir jou, staan op!" Letterlik is die woord "talita" ook 'n term vir 'n lammetjie in Aramees. Dit verwoord iets van Jesus se deernis oor 'n gesin wat pas 'n kind aan die dood afgestaan het. Sy taal, maar ook sy kragtige handeling om die doderyk se poorte oop te ruk en haar lewend aan haar familie terug te gee, wys dat sy hart oorloop van ontferming. Ook wys dit Jesus is nie 'n aandagsoeker wat gedurig ten aanskoue van derduisende sy mag ten toon wil stel nie. Net drie van sy dissipels word toegelaat om in hierdie hartseer oomblikke aanwesig te wees. Hulle is die ooggetuies dat Jesus sterker is as die dood, maar ook dat Hy genadig en nederig is. In lewe en in dood is Hy naby aan ons. Ook agter die skerms, of dalk veral juis daar, is Jesus steeds aan die werk. Daar ontferm Hy Hom oor geringes, lydendes, eensames en mense in nood

Kyk uit vir Jesus. [Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

Kubergroete tot volgende keer

[2019-07-21]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal. www.getsnapscan.com